CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken.

Jaargang XXXVI — Nommer 16 — 21 Augustus 1981

# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE PU vir CHO

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

Bussie 13 Tel 25481 | Inligtingsburo 4267/8 | Studentesentrum 22112 x 570/1
INTERVARSITY- EN VERKIESINGSUITGAWE

## Hoogtepunte

**19 Augustus**

Massavergadering

**20 Augustus**

Groot Brag

**22 Augustus**

Intervarsity: Kovsies

**25 Augustus**

Laaste datum vir wysiging van tweede semesterkursusse en ontvangs van studenteversoeke.

**28 Augustus**

Aktueel eerstejaars- en universiteitsverlaterskampe.
Politieke Wetenskappe: seminaarkamp.

**28 Augustus tot 2 September**

Sound of Music 20h00 in Ouditorium

## Bylae binne

## Klein Swete

**Maandag, 24 Augustus, se Klein Sweetprogram sien só daaruit:**

**Om 18h30 sal kandidate van Akademiese Raad en Korpsraad in Sentraal eetsaal "sweet", kandidate van Koshuisraad en Kultuurraad in Voorhuis eetsaal, kandidate van Politiese Raad en Sportraad in Skuur-eetsaal. Kandidate van Komitees, Voorsitter en Adjunk-voorsitter sal dan in die Totiussaal "sweet".**

**Om 19h30 vind 'n rotering van kandidate tussen die verskillende Sweetpunte plaas. Die rotering word op Dinsdagaand voltooi.**

## Nuuswenke

**Algemene Nuus:** Petro Malan, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Koshuis/Sosiaal:** Zelda Nel, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
**Sport:** Griet Gräbe.
**Kuns:** Johan Myburg, Tel 6668.
**Fotografie:** Lynn Pretorius, Tel 4278.

**Saktyd**
Maandag 13h00.

# *Groot dag is hier*

— Zelda Nel —

**Intervarsity is met ons, om ons, in ons — gebruik watter voorsetsel jy wil. Die feit is dat lemme die afgelope jaar al geslyp word om die Pukke se reputasie in ere te herstel.**

Nou het die groot dag aangebreek, en dis tyd om ons te laat geld teen die Vrystaters.

Lappies Labuschagne, SSR-lid vir Intervarsity, wil egter net waarsku teen geesdrif wat dalk kan hand uitruk. Meelbomme, drank, eiers en ander artikels van twyfelagtige herkoms en voorkoms is taboe vir die wedstryde op Olënpark en alle ander massa-aksies. Polisiemanne en -honde sal 'n oog oor ongerymdhede hou.

### Trompoppies

Daar sal wel geleentheid wees vir 'n bietjie pret op die veld, maar van die trompoppies moet liefs weggebly word. Wanneer die hoofwedstryd begin sal niemand op die veld geduld word nie.

Kaartjies vir die hoofwedstryd kan vooraf gekoop word teen R2,00 stuk sodat toustanery by die hekke voorkom kan word.

Hierdie intervarsity mag dalk net sy merk maak in die geskiedenis as die weer saamspeel. En as 'n mens moet oordeel aan ons man aan die voorpunt van die sanglinies, sal die koudste koud die Pukke nie koudsit nie.

"Pukke! Dis alweer Intervarsity! Voel amper of dit nog steeds is.

### Weeluise

"Hierdie jaar is die tyd ryper as ooit dat ons die Kovsies gaan wen. Die Pukspan gaan kringe hardloop om daai klomp weerlose weeluise.

"Ek kry hulle so jammer want om darem die hele pad van Bloemfontein af te ry om hier 'n rugbyles te kom leer, is vir my een te veel. 'n Rugbyles sal dit beslis wees, want die Pukke slyp hul tande van verlede jaar af vir die Kovsies".

"Kom Pukke, ons ruk in ons hordes op en ons gaan kyk hoe daai klomp onnosele, onintelligente, orige ornamente se gesigte in Olënpark se groen gras vasgemessel word", — so praat Philip Theunissen (Spies).

Ons pragtige sjampanjenooientjie, Ona Neethling, het die volgende vir die Pukke te sê: "Wees net julleself — dan kan Kovsies nie beter nie!".



● *Uitgedos in sy dirigent-uitrusting staan Spies hier langs die skone Ona Neethling, ons sjampanjenooientjie. 'n Mens mag sy selftevrede glimlag toeskryf aan die teenwoordigheid van sy metgesel, maar dalk dink hy net aan Saterdag se wedstryd teen Kovsies.*

# Kandidate mag met plakkate veg

— Petro Malan —

**SSR-kandidate kan nou plakkate gebruik om hulself aan die studente bekend te stel.**

Dié mosie is Maandagaand tydens die nominasievergadering aangeneem. Elke SSR-kandidaat word toegelaat om tien plakkate op die amptelike plekke op die kampus aan te bring. Dit moet vooraf deur die SSR goedgekeur word. Geen partypolitieke reklamering en persoonlike aanvalle op ander kandidate word toegelaat nie. Dit mag die Maandag voor die SSR-verkiesing opgeplak word en moet Woensdagaand verwyder word. Alle plakkate moet op verkiesingsdag verwyder wees.

Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter, sê daar is meriete en gevaarpunte in 'n verkiesingsveldtog. Dit kan kandidate beter aan die studentemassa bekend stel, maar kan ook in 'n plakkaat- of gewildheidsoorlog ontaard.

### Beginselgronde

Fanie Venter sê plakkate kan kleur aan die verkiesing gee en kandidate kan beter bekend gestel word. Dit kan ook lei tot 'n hoër stempersentasie en kandidate dwing om hul beleid in 'n paar woorde saam te vat.

Nic Lemmer sê hy is nie ten gunste van die gebruik nie, maar steun die mosie omdat daar nie beginselgronde is waarop dit afgekeur kan word nie. Indien dit afgekeur word sal die SSR sy beleid ten opsigte van plakkate moet wysig. Die SSR moet duidelike riglyne stel om die beleid ten uitvoering te bring.

### Leierskorps

Wim Vergeer was die enigste SSR-lid wat teen die mosie gestem het. Hy sê dit druis in teen die ongeskrewe reël dat daar aan alle kandidate gelyke geleentheid vir bekendstelling gegee moet word. Hy meen die persoon wat finansieel beter daaraan toe is, word bevoordeel.

Werner Eksteen sê 'n verkiesingsveldtog met plakkate kan die verkiesingsgevoel stimuleer en sodoende betrokkenheid verhoog. In 'n verteenwoordigende stelsel kan politiek 'n gevaarlike rol speel vir kandidate wat polities betrokke is. By 'n belangebehartigende stelsel kan dit bydra om kandidate beter aan die stemgeregtigde bekend te stel en sodoende 'n beter leierskorps daarstel.

### Bedrag

Koos Venter sê 'n verkiesingsveldtog kan slaag indien die SSR elke kandidaat van 'n sekere bedrag voorsien, omdat sommige kandidate nie self oor die nodige finansies sal beskik nie. Hy sê die plakkate moet egter vooraf goedgekeur word.

'n Verkiesingsveldtog kan studente bewus maak van die verkiesing en lei tot 'n groter bywoning van die klein en groot swete. Volgens die SSR-behoeftebepalingsvraelys meen omtrent sestig persent studente dat die swete nie meer aan hul doel beantwoord nie en 57 persent meen die bekendstelling van kandidate vind nie behoorlik plaas nie.

# Wedstryd is orals onder bespreking

**INTERVARSITY teen Kovsies laat die Pukke altyd groot gees vang en die hoofwedstryd op Olënpark is oral die onderwerp van bespreking.**

Die Shimlas is vanjaar weer 'n baie sterk span met Springbokke soos De Wet Ras, Martiens le Roux en Gerrie Sonnekus in hul geledere. Sewe van die Shimlas het vir Vrystaat, wat Noord-Transvaal so verniel het, gespeel.

Cobus van Wyk, wat lank met 'n besering gesukkel het, is weer reg en kan 'n groot faktor wees teen Kovsies. Die vier Pukke wat Springbokproewe toe genooi was, J P Geldenhuys, André Markgraaff, Zillen Roos en Wessel van der Merwe, kan ook die Shimlas se kaarte deurmekaar krap. Tydens die ter perse gaan van Die Wapad was die Pukspan nog nie gekies nie. Mnr James Stoffberg, wat afrigtingswerk in Italië gedoen het, is die nuwe afrigter.

'n Moontlike span is: Wessel van der Merwe, Louwtjie van der Walt, Cassie Basson, Zillen Roos, Herman Kleynhans, Cobus van Wyk, George Moorcroft, Nic Nortjé, Anton Fick, Quinten Campbell, Piet Conchar, Barend Kirsten, André Markgraaff, Gert Smal en J.P. Geldenhuys.

# Witsies besoek Puk

**LEDE van die Student's Moderate Alliance, 'n politieke organisasie wat op die Wits-kampus ontstaan het, het die Puk se SSR verlede Woensdag besoek.**

Die Pukke en Witsies het besin oor die rol van studentepolitiek in die algemeen. Volgens 'n gesamentlike verklaring wat deur die SSR en die SMA uitgereik is, het studentepolitiek 'n belangrike rol om te vervul. Die verklaring lui dat groter kontak tussen studentegroepe oor ras- en taalgrense noodsaaklik is tot die heil van Suid-Afrika.

Die doel van 'n studenteraad het ook onder die soeklig gekom en daar is besluit dat 'n SR slegs studente-aangeleenthede moet administreer en geen politieke funksie het nie.

CREDO JUWELIERS
GROOTHANDELSPRYSE!!

'n Diamant vandag is 'n belegging môre
Groot verskeidenheid juweliersware
HENNIE KOTZÉ
LEWIS DEURLOOP, KERKSTRAAT 133
TEL. 21685



● *Volkspele speel werklik die spreekwoordelike tweede viool (konsertina?) op ons kampus. Diegene wat egter die plesiertjie ontdek het, geniet skynbaar elke oomblik daarvan. Hier dans 'n paar Volkspelers tydens 'n massaspele op Woensdagaand 12 Augustus.*

# Wag-'n-bietjie het die lente

**AL speel die weer nou nie aldag so lekker saam nie, is daar tog al so 'n ietsie van lente in die lug.**

Dit is dié gevoel van borrelende geesdrif en kans-sien-vir-die-hele-wêreld, wat die inwoners van Wag-'n-Bietjie laat besluit het om 'n badkamerkompetisie te hou.

Heel vinnig het 'n swaar verfreuk oor die hele koshuis gehang, en is eenvoudige koshuisbadkamers deur allerlei gordyntjies, valletjies en prentjies tot iets allerfraais omtower.

Mens kan miskien net noem dat dit dalk nie net die betowerende krag van Lente is wat die werklus aangevuur het nie, maar ook die beloofde eerste prys, naamlik 'n ete in die Spens!

Om 17h00 Donderdagmiddag het die beoordelaresse — Santie Eloff en mev Coetzee — S2 aangewys as wenner van die enkelkant en U4 as wenner van die dubbelkant.

Die saamwerk, laat wakkerbly en gesamentlike frustrasies van die nie-wenners is beloon deur 'n aangename spangees.

# Radioprogram

Radio PUK se uitsaaiprogram gedurende die volgende twee weke is:
Intervarsity-naweek: Vrydag 22 Augustus vanaf 10h00 tot 24h00. Saterdag 23 Augustus vanaf 18h00 tot 23h00.
Met die SSR-verkiesing op 27 Augustus van 09h00 tot 18h00.
Daar word ook beoog om dié dag met die verskillende genomineerdes onderhoude te voer.
Die studente word versoek om versoeke gedurende bogenoemde tye te laat uitsaai. Vir hierdie doel sal daar orals in die studentesentrum houers aangebring word.

Radio Puk beskik oor 'n diskoteek van byna 'n duisend plate en die jongste treffers is beskikbaar.

## Koerantwerk!

Doen nou by Die Wapad aansoek vir die termyn vanaf September 1981 tot Augustus 1982. Gebruik hierdie vorm en pos dit so gou moontlik in Bussie 13 agter die inligtingshokkie in die studentesentrum of stuur na: Die Administratiewe Bestuurder, Bussie 502, PU vir CHO.

**Naam:** ..............................

**Adres:** ..............................

**Telefoon:** ..............................

Ek stel belang in die volgende:

**Verslaggewing** (bv sport, kuns, sosiaal, algemene nuus) ☐
**Fotografie of Spotprenttekenaars** ☐
**Subwerk** (bv nasien, redigering, bladuitleg) ☐
**Administrasie** (bv tik, advertensiewerwing, verspreiding) ☐

Onderhoude sal op 8, 9 en 10 September met belangstellendes gevoer word.
Van suksesvolle aansoekers sal verwag word om op Saterdag 12 September opleiding te ontvang.

**Aansoeke sluit Donderdag 3 September.**

## Koshuistradisies

# In Hombré bly jy in twee plekke

**VANDAG gaan jy dalk vir die eerste keer opreg dankbaar voel vir die geluk wat jou getref het dat jy nie in Hombré woon nie, of . . . die bloed pomp reeds warm in jou are en jou neus staan reeds skeef in die wind omdat jy weet dat die plek waaroor daar gepraat word, jou plek is.**

As jy in Hombré bly, bly jy eintlik in twee plekke. In die eerste plek bly jy in Hombré, maar jy is ook ten volle deel van Manjana of Brutus of Sokkel-Sokkel of Moerverlaten of Gatvol of Molestus of Sombrero of El Toro.

### Tekkie-masjien

Die HK-verkiesing word gewoonlik gretiger ingewag deur diegene wat nie staan nie as deur die wat genomineer is. Die rede lê in 'n yslike tekkie-masjien wat gangelank uitgestrek lê en waardeur die verkose lede moet probeer beweeg. Die onderdele van die masjien bestaan uit 'n groot verskeidenheid wat soms wissel van besemstokke tot die gebruiklike tekkie.

Om 'n eerstejaar te wees, is 'n risiko. Maar om 'n rokende eerstejaar in Hombré te wees, is dalk 'n ramp. Om in die publiek te rook (dit sluit enige plek buite jou koshuiskamer in, maar soms sluit dit ook jou koshuiskamer in) moet jy 'n rooklisensie hê. Dit word in die verskeie gange toegeken met 'n groot variasie in reëls, vereistes en resepte.

### Oom Bossie

Al is jy 'n tweedejaar in dié koshuis, is dit nog nie heeltemal veilig nie. Die eerstejaars gooi tradisioneel die tweedejaars in Oom Bossie se dam sodat dié kan leer swem. Voordat 'n tweedejaar aan senior aktiwiteite mag deelneem moet hy eers van sy eerstejaarmentaliteit ontneem word en dit geskied ook met heelwat druk van agter.

Die tradisies van Manjana en Brutus is só konfidensieel dat 'n mens veral nie in 'n koerant daaroor uitwei nie.

Die eerstejaars van Sokkel-Sokkel moet elke jaar iets teen die gangmuur skilder. Die mense van dié gang hou elke jaar 'n lekkerrrr dinee in die Spens wat deur al die gangbewoners bygewoon moet word.

### Adamsdrag

Elke jaar vind daar 'n gly-aksie in die Moerverlaten-paradys plaas. Jy gly glo die maklikste in adamsdrag. Die Groot-Vuil-Doop is 'n instelling wat gemaak is om die eerstejaars in 'n ru yskas vol modder van hul misplaaste mentaliteit te reinig.

Gatvol verlaat jy nooit sonder 'n verkeersboete nie. Die veerpyltjiebord word glo net in bloktyd te voorskyn gebring, want in die semester pla die akademie te veel. Dié gang het die meeste hoëtroustelle. Gang 5 spog met hul eie "Senior Slepers"- en "bachelor" vereniging. Die sogenaamde "bachelors" móét twee afsprake per week met verskillende meisies maak en as hy dit nie doen nie reël die ander lede dit vir hom.

### Bosparty

In Molestus is die vierdejaars Oupas, die derdejaars ooms, die tweedejaars menere en die eerstejaars, eerstejaars. 'n Bosparty of woud-fondu is een van dié gang se hoogtepunte. Hulle noem hulself ook Skuur-oos en hou heelwat aksies alleen. Die HK moet minstens een nag op die dak slaap en die hele gang een nag buite op die gras.

Die eerstejaars van Sombrero moet die karakters buite op die gang by name ken, weet wat hul spesialiteite is en hulle eerbiedig groet. Op IW-dag verjaar die waterkan en word dit vol mengwyn gemaak. Daar is 'n firma wat verantwoordelikheid aanvaar vir die breekskade.

### Wynbrousel

El Toro is by uitstek sosiaal met baie aksies op die mees ongeleë tye, plekke en soorte. Die Rooimiertreffer word hier opgevoer. 'n Gewilde sport is maagstamp wat knap deur dié inwoners beoefen word. Hulle stook elke skrikkeljaar 'n tuisgemaakte wynbrousel . . . wat nooit gedrink word nie.

# Kasteel verjaar en eet pizzas

Die bome begin bot en ons
Voel so lig hier binne.

Kom ons Kastelers vier hierdie
Nuwe vreugde saam met
Tommy Tier se verjaarsdag
Op Woensdag, 12 Augustus
Om 20h00 in die eetsaal.

Met dié uitnodiging en 'n HOED op jou kop kon jy verjaardag vier saam met Tommie Tier en al wat Kasteler is.

Vir elke talent was daar 'n geleentheid en 'n ewe groot beloning.

As jy twee pizzas die vinnigste kon verorber, dan het jy 'n doos sjokolade gewen. Geluk Blok K.

As jy ballonne die vinnigste kon laat bars, was jy ook 'n doos sjokolade voller. Geluk Blok J.

As jou nommer iets soos 32 of 128 was, kon jy een van die ses-en-twintig reukwaterwenners gewees het.

Het jy die oulikste hoed gedra, soos Heidi Steinbach, kon jy ook aan 'n doos sjokolade smul.

Die grootste geleentheid en voorreg was natuurlik om 'n Kasteler te wees en daarvoor kon jy heerlike pizzas eet en glase vol wyn drink.

**DIE intervarsity tussen die Pukke en Kovsies word Saterdag op Olënpark gehou. Die Senaat het bepaal dat lesings Vrydag om 13h00 afsluit en dat daar geen toetse van Donderdag tot Dinsdag geskryf mag word nie.**

# Aktueelkampe is groot pret

Gedurende die naweek van 28 tot 30 Augustus bied Aktueel vier kampe aan. Die kampe is vir die eerste-, tweede-, en derdejaars asook vir universiteitsverlaters.

Kampdatums is weens die heersende akademiese druk op die kampus en toetse op Saterdae verander.

Om teleurstelling te voorkom moet studente die plakkate dophou en betyds hul name op die skietlyste plaas.

# Uitspan en Kulu hou reünie

**TWEE koshuise van die Puk hou Vrydag 21 Augustus 'n gesamentlike reünie.**

Die twee koshuise is die vrouekoshuis Kulu en die manskoshuis Uitspan. Albei hou hul eerste en laaste reünie.

Kulu is die kleinste van die vrouekoshuise op die Puk-kampus en vier vanjaar sy vyf-en-dertigste bestaansjaar. Omdat die koshuis binnekort nie meer sal bestaan nie, is dit die laaste geleentheid waarop oud- en huidige inwoners bymekaar sal kan kom in die koshuis. Nagenoeg 'n honderd vroue word by dié reünie verwag.

Die manskoshuis Uitspan sluit aan die einde van vanjaar. Omtrent veertig oud-Uitspanners word by dié reünie verwag.

Die gesamentlike reünie begin om 16h00 met tee- en koffiedrink in die onderskeie koshuise. Om 19h00 vertrek almal na die Sentrale Eetsaal waar 'n verrassingsete bedien sal word. Ná die ete keer die mans en vroue weer terug na die onderskeie koshuise.

Die voorsitter van die Uitspan-reünie is mnr Barry Swanevelder en Kulu se voorsitster is mej Annette Griesel (telefoon 2-2234).


● Juwele! Rokke!
● Alles vir die hare!
Wat meer wil julle hê?
Kom kry dit by ons!
Santamarkade
Kerkstraat 91
Tel: 24254



Curiosity Hut



**Bult Apteek**
en Medisynedepot
Ons voorsien:
● Naturemade
● Toiletware
● Asook Revlon, Yardley, Old Spice ens.
Tomstraat 88b, Tel. 25344/5

# Losiesgelde styg al weer

—Zelda Nel—

**KOSHUISGELDE sal met 'n beoogde vyftien persent styg aanstaande jaar. Hierdie styging is weens faktore wat studente nie altyd in ag neem wanneer hulle kla nie, sê mnr Dirk Coetzee, hoof van Koshuisadministrasie.**

Ondanks die baie bespiegelings wat daar gewoonlik is oor die rede vir so 'n styging, is die verhoogde losiesgeld maar net weens die styging in lewenskoste en moet dit uiteraard tred hou daarmee.

Meneer Dirk Coetzee, hoof van Koshuisadministrasie, sê dit lyk op hierdie stadium asof die styging vir 1982 in die omgewing van vyftien persent sal wees. In die verlede het die koshuisgelde geneig om konstant te bly vir ongeveer twee of drie jaar en dan drasties te verhoog. Dit is egter beter om die inflasiekoers, verbruikersprysindeks en ander faktore jaarliks in oënskou te neem en die aanpassing daarvolgens te maak.

Meneer Coetzee lê klem op die feit dat Koshuisadministrasie definitief nie hier is om geld te maak nie, en daarom neem hulle nie net hierdie eksterne faktore in aanmerking nie, maar kyk hulle altyd ook of hulle kan klaarkom sonder onnodige prysstygings vir die studente.

## Groenteverwerkingseenheid

In hulle stryd om kostes laag te hou, is daar selfs onlangs begin met 'n groenteverwerkingseenheid in die Lettie du Plessis-eetsaal. Dit beteken dat daar minder personeel benodig word vir die taak en dat die groente eenvormig bewerk word en van goeie gehalte is.

Ondanks talle begrotings wat opgestel word, is daar altyd onvoorsiene stygings in voedselpryse.

Om die uitwerking van sulke stygings mooi te illustreer, kan die prysstyging van brood as voorbeeld geneem word.

Weens hierdie styging sit Administrasie met 'n tekort van R8 000 vir die orige vier maande van die akademiese jaar.

## Hysbakke

Voedsel en voedselstygings is ook nie Koshuisadministrasie se probleem nie. Die agt hysbakke op die kampus kos R25 000 per jaar om te laat diens. Lone en salarisse van mense wat diens lewer in die koshuise kan ook nie agter weë bly wanneer die lewenskoste styg nie.

Koshuisadministrasie word nie deur Nasionale Opvoeding gesubsidieer nie en daarom kan die baie verliese wat jaarliks gely word slegs oorkom word deur die inwoner self te vra om 'n bietjie dieper in die sak te delf.



● *Dawie Dup is die wenners van vanjaar se Sharp-koshuisliga. In die eindstryd wen hulle Caput 14-7. Op die foto verskyn mnr Chris Landsberg, afrigter van die span, Jan Pieterse, die kaptein, waarnemende rektor, prof Faan du Plessis en mnr Axle Reinhardt, bemarkingsbestuurder van Sharp Electronics. Tydens die oorhandingsplegtigheid, het mnr Reinhardt die jaarlikse borg van R3 000 aan die Puk-Sharp-koshuisliga oorhandig.*

# Onbetrokkenes is bang vir verantwoordelikheid

**ONWILLIGHEID om verantwoordelikheid te aanvaar lei tot onbetrokkenheid, sê Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter.**

Studente is geneig om in die bondel te verdwyn en die masker van die massa voor te hou. Jan-Louis sê die bondelstandpunt verdwyn wanneer individue persoonlik gekonfronteer word met die ander kant van 'n saak. Dit blyk veral uit koshuisbesoeke.

Persoonlike belange word bo dié van die studentegemeenskap gestel. Wanneer akademiese druk toeneem, is studente geneig om onbetrokke te raak en verantwoordelikhede in die studentelewe te laat vaar.

## Strukturele probleme

Hy sê onbetrokkenheid kan teengewerk word deur te begin om strukturele probleme uit die weg te ruim. Aksies moet volgens behoefte aangebied word, soos 'n massavergadering met 'n massa-ete daarby.

Die oplossing is nie om half-aktiewe organisasies uit te skakel nie. Dit sal onbetrokkenheid verder verhoog. Hy sê daar moet lewe in sulke organisasies geblaas word.

## Tydsgees

Volgens die SSR-behoeftebepalingsvraelys meen twintig persent dat onbetrokkenheid deel van die tydsgees is en 72 persent meen 'n ondersoek na onbetrokkenheid is nodig.

Studente kla oor 'n gebrek aan ontspanningsfasiliteite. Dit blyk egter uit die vraelys dat studente nie gebruik maak van ontspanningsgeleenthede binne die studentelewe nie. Sowat 58 persent het nog nooit 'n opvoering van Thalia bygewoon nie, en 48 persent het nog nooit 'n opvoering van die PU-Kaners bygewoon nie.

Sowat 64 persent van die studente behoort nie aan 'n akademiese vereniging nie en 32 persent het nog nooit 'n Besembos gesien nie. Sowat 31 persent is nie bewus van die grommeltrommel in die kafeteria van die Studentesentrum nie en 39 persent het nog nooit die trompoppies sien optree nie. Volgens 58 persent lok die Sing-songs nie meer studente nie en nege persent het nog nooit 'n massavergadering bygewoon nie.

## Kommunikasie

Volgens die vraelys meen 84 persent van die studente dat daar 'n gebrek aan kommunikasie tussen die SSR en die studentemassa is. Volgens Werner Eksteen is 'n gebrek aan kommunikasie tussen die SSR en studentemassa 'n logiese gevolg van onbetrokkenheid.

# Sagé wen begroting

**Sagé Ferreira, 'n B Comm III-student, het die begrotingswedstryd wat verlede week plaasgevind het, gewen.**

In die wedstryd moes studente aan die Minister van Finansies, prof Owen Horwood, sê hoe Suid-Afrika se Begroting beplan moet word. Die Pukke het lewendig aan die kompetisie deelgeneem en tien finaliste is uiteindelik aangewys.

Sagé het begrotingsdag in die Parlement bygewoon saam met prof Willie Venter van die Fakulteit Ekonomie. Sy het ook vooraanstaande mense uit die privaat- en staatsektor ontmoet.

Erika Maré en Lourens Campher het saam tweede gekom, en elk 'n tjek van R25 ontvang.

# Vandalisme en diefstal in SS

**VANDALISME en diefstal begin hoogty vier in die Hennie Binglesentrum, sê mnr Piet Louw van die Sportburo.**

'n Trampolienmat het verlede week uit die Studentesentrum verdwyn. Dit is nie die eerste keer dat sportapparate sonder toestemming uit die SS geneem word nie, het mnr Louw gesê. 'n Skermapparaat van oor die R500 het verlede jaar verdwyn asook optelgewigte.

Volgens mnr Louw is besoekers en nie studente nie verantwoordelik vir al die skade. Vandalisme wat verlede jaar nooit plaasgevind het nie, vind vanjaar plaas. Dit sluit in beskadiging van apparate en slagspreuke wat in toilette in Engels geskryf word. Skade vind laataande en oor naweke plaas.

Bottels word in die gange gebreek, en dit het al gebeur dat studente wat kaalvoet is snywonde opgedoen het.

Besoekers misbruik ook die ander geriewe in die Studentesentrum. Persone van buite maak van die stortgeriewe gebruik en dan het die studente wat aan sport deelneem nie warm water nie. Bediendes by die kleedkamers is ook al gemolesteer. Indien dit gebeur dat 'n bediende elders iets moet gaan doen, klim persone oor die muurtjie by die kleedkamers en steel van die klere wat daar hang.

Volgens mnr Louw bied al die skade en vandalisme sterk motivering vir die aanstelling van 'n Blanke opsigter.

TEL: 21936
11 OWENS LANE
POTCHEFSTROOM
Boutique
DIENS IS ONS TROTS
DRY CLEANERS
DROOGSKOONMAKERS
Eien. Elmine Brits

MOENIE JOU BLARE VERLOOR NIE.
Potchefstroom-tak (skuins oorkant Uniewinkels) Kerkstraat 99 Tel. 4331/5
Noordbrug-tak (in die Uitsig-sentrum langs Johan Claassen en Broers) Tomstraat 98 Tel. 4237/8
KOM NA EEN VAN ONS STUDENTETAKKE.
Volkskasstudentetakke en agentskappe naaste aan jou.
Volkskas
BANK SUID-AFRIKAANS
8457

EV'S PLACE
"Gee en ontvang van geskenke sal nooit weer dieselfde wees nie"
Kerkstraat 205 (Langs Barclays Bank)
Dié geskenkwinkel in Potch. Studente baie welkom!

WESVAAL DIAMANTE
Verskaffers van juweliersware direk aan die studente teen vervaardigerspryse
Vervaardig volgens u eie ontwerp indien u so verlang. Gratis waardasies met elke artikel. Reparasies en veranderings aan juweliersware.
Ons koop u ou juweliersware.
Frans en Elna Muller
UITSIGARKADE
Verby Volkskas Bank
Tomstraat die Bult
(Langs Bult Droogskoonmakers)
TEL.: 5574

die WAPAD

## Jy moet stem

**Dit is verkiesingstyd — die tyd om jou plig as stemgeregtigde te doen, en om dit verantwoordelik te doen.**

**Jy doen dit eerstens deur 'n punt daarvan te maak om op verkiesingsdag te gaan stem.**

**Tweedens moet jy reg stem. Die volgende kriteria behoort jou te lei in jou keuse tussen die kandidate:**

- **Die kandidate se ondervinding in en deelname aan die studentelewe — wat jare diens sowel as hoeveelheid en verskeidenheid van studente-organisasies insluit;**
- **Prestasies wat behaal is in die studentelewe;**
- **Die akademiese vordering en kwalifikasies van kandidate;**
- **Persoonlikheid van kandidate: hulle moet toeganklik wees vir elke kieser en in staat en bereid wees om jou belange te behartig; en**
- **Aansien in die studentelewe en buitewêreld — dit bepaal die gesag waarmee die SR kan optree.**

**Na jy dit gedoen het, is daar 'n paar konsekwensies waaraan noual gedink moet word: jy as kieser moet nou bereid wees om**

- **die verkose lede waarvoor jy nie gestem het nie te aanvaar en te ondersteun;**
- **lojaal te bly aan die SR wat jy gehelp verkies het — wat hulle ookal doen;**
- **die SR oor die vingers te tik en leiding te gee as hulle nie na wense optree nie; en**
- **die blaam gedeeltelik op jouself en medestudente te neem as die SR wel fouteer omdat hulle deur jou verkies is.**

**HOOFREDAKTEUR:** Izak Minnaar, Oude Molen no. 108, Molenstraat. Tel. 2-1576. **NUUSREDAKTEUR:** Hansie Vermeulen, Makouvlei. Tel 2-2229. **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Johan Myburg. Tel. 25481.
**Boodskappe** kan in bussie 13 by die Inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.
**Tye: Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00**
**Dins tot Don 13h30 — 16h30**

**"AL die dae van sy nasireërskap is hy heilig aan die Here" (Numeri 6:8).**

Tydens intervarsity gaan baie gelowige broeders en susters opnuut weer te staan kom voor die vraag: hoe moet ek die Here in hierdie tyd dien? Deur Afsondering?

Nasireërskap beteken letterlik om onttrek te wees van die alledaagse, die gewone, met die doel tot afsondering vir die buitengewone.

Die nasireërs van die Ou Testament het in 'n besondere verhouding tot en toewyding aan die Here gestaan en hul nasireërskap het veral twee aspekte gehad, naamlik 'n innerlike en 'n uiterlike.

Uiterlik moes hy vir die duur van sy nasireërskap sekere voorskrifte gehoorsaam (vgl. Num 6:2-8). Deur nakoming hiervan het hy na buite laat blyk dat nie net sy hele lewe (geen wyn of sterk drank) en sy persoon (geen dooies aanraak nie) rein en dus vir God aanneemlik is nie, maar ook dat hy met al sy lewenskrag (die hare nie geskeer nie) aan God toegewyd is.

Innerlik het die nasireër in 'n direkte geloofsverhouding tot God gestaan deur die aflegging van 'n besondere gelofte (1 Sam 1:11), of deurdat 'n besondere taak deur die Here self op hom gelê is (Rigt 13:5; Luk 1:15-17).

So was dan die uiterlike nie los te maak van die innerlike nie, want:

- die uiterlike getuig van en bevestig die innerlike;
- die innerlike is die grondslag van en motivering vir die uiterlike.

Vir Johannes die Doper het die uiterlike voorskrifte nog gegeld, maar nie vir Jesus nie. Jesus Christus het Hom ook nie aan die uiterlike voorskrifte van Num 6 gehou nie. Het Hy dan die nasireërskap opgehef? Juis nie! Hy was die Nasireër by uitnemendheid wat aan die voorskrifte van Num 6 uitvoering gegee het deur sy hele persoon en al sy krag Hom in volle gehoorsaamheid te wy aan die taak waartoe Hy afgesonder is.

By Christus is daar geen spanning tussen die uiterlike en die innerlike nie. Daardeur het Hy vir ons die pad van die geloof aangedui, want die wat in Hom glo, is almal lewenslange nasireërs —

- gewas, gereinig deur Sy bloed;
- afgesonder en toegerus deur die Heilige Gees;
- gelowiges, wie se uiterlike en innerlike lewe nie in spanning nie, maar in harmonie met mekaar een ding uitspel:

Heilig aan die Here — lewenslank — ook tydens intervarsity!

**— Johan Schutte —**




*Jammer, professor, maar vandat losiesgelde só op is, slaap ek maar in die klas!*

# Afwesige vraestelle geregverdig?

**Ontevredenheid heers onder die studente omdat eksamenvraestelle sedert verlede jaar nie meer op die rakke van die Ferdinand Postmabiblioteek is nie.**

Volgens Prof. H.C. van Rooy, die waarnemende Universiteitsbibliotekaris is die veelkeusige vraestelle vanjaar onttrek weens 'n senaatsbesluit. Die gewone vraestelle word ook geberg, behalwe die vorige jaar s'n.

Prof. Van Rooy het gesê hierdie vraestelle is weens 'n senaatsbesluit onttrek omdat studente 'n formule uitwerk waarvolgens sekere vrae gevra word en hulle sodoende tot hul nadeel (en soms voordeel) raak "spot".

Hierdie vraestelle wat geberg word, is nie aan voorgraadse studente op aanvraag beskikbaar nie, tensy hulle toestemming het. Dit is meer vrylik beskikbaar op nagraadse vlak.

**Berigte deur Gerrie Snyman en Deona du Plessis.**

Volgens Prof. Van Rooy is die veelkeusige vraestelle ook onttrek omdat die dosente graag 'n vraebank wil opbou.

Het sommige dosente dan akademies stagnant geword? Die feit dat studente volgens 'n formule kan uitwerk watter vrae gevra kan word, dui mos daarop dat sekere dosente jaar na jaar dieselfde werk op dieselfde wyse doseer en eksamineer.

Dit is te verstane dat vir veelkeusige vraestelle 'n vraebank opgebou moet word en dat vraestelle daarom van die studente weerhou word.

Maar hoekom moet die langvraag-vraestelle aan die studente weerhou word?

Dit is logies dat die basiese stof van elke vak altyd dieselfde bly. Maar daar is mos gedurig ontwikkeling op elke vakgebied wat aan studente deurgegee word. Dit maak 'n vak aktueel.

Die aktualiteit van 'n vak kan voorkom dat studente formules uitwerk waarvolgens vrae gevra word as die vraestelle tot hul beskikking gestel word.

'n Eksamenvraestel help altyd om te sien wat 'n dosent presies in die eksamen verwag, veral die dosent wat vaag ten opsigte van sy vraestel bly. Daarsonder loop voorbereiding in eksamentyd altyd op 'n frustrerende raai-raai speletjie uit.

Aan die anderkant is dit ook waar dat die kursusse wat nou semesterkursusse geword het, se eindvraestelle nie van veel nut is nie aangesien die bestek daarvan verander het.

Die senaat sal binnekort weer uitsluitsel gee oor die vraag of vraestelle tot die beskikking van studente gestel moet word.

# Eksamenreëls fnuik oneerlikheid glad nie

**DAT daar geleentheid vir studente in 'n eksamenlokaal is om oneerlik te wees, is gewis. Boonop vererger die metode van toepassing van eksamenregulasies hierdie toestand.**

Daar is geen wyse waarop 'n student homself in 'n eksamenlokaal hoef te identifiseer nie. Hy kan dus maklik iemand anders in sy plek kry om die vraestel te kom skryf.

Piet Fanoy, 'n vyfdejaarstudent in die Teologie en voorsitter van Korps, is van mening dat die huidige eksamenregulasies 'n gaping vir oneerlikheid laat. Hy doen strenger reëls aan die hand.

Mnr Fanoy dink dat daar doeltreffende presensie geneem moet word. 'n Dosent moet sy eie mense ken en dan kontroleer. 'n Student kan ook sy vraestel persoonlik by die dosent kry. Die dosent merk dan sy naam af op 'n klaslys.

Nog 'n idee is dat 'n presensiebrief ingevul moet word, waarop studienommer en -rigting, naam en van, vraestel en datum asook sitplekommer ingevul moet word.

So 'n presensiebrief kan dan veeldoelig wees. In die eerste plek weet die dosent hoeveel en watter studente skryf die vraestel. Indien daar probleme is met antwoordstelle wat dalk dieselfde antwoorde het, kan daar ook gekyk word na die persone se sitplekposisies.

'n Veeldoelige identifikasie/registrasiekaart kan hierdie probleem oplos. So 'n kaart moet dan by die ingang van die eksamenlokaal aan die opsieners vertoon word. Indien 'n vergeetagtige student sy kaart verlê het, kan iemand anders hom/haar identifiseer.

Piet Fanoy en 'n paar ander studente dink egter die identifikasiekaartmetode klink te veel na 'n wantrouesituasie wat die vertroue in die studente kan skaad. Hy bespeur 'n reuk van polisiemanagtigheid daarin.

Irma Jansen van Rensburg (voorsitter van die Akademiese Raad) voel dat strenger eksamenregulasies nie nodig is nie want die dosente is streng genoeg.

Volgens Irma is 'n toesig-dosent meestal 'n vakdosent. Sy erken egter dat daar 'n skuiwergat vir oneerlike studente is, maar voeg sy by, as iemand oneerlik wil wees, sal hy dit in elk geval wees. Die mees effektiewe manier is om die studente ver uitmekaar en reg agter mekaar te plaas.

# *Reëls wel streng*

**Prof. Faan du Plessis, Vise-rektor Akademies is van mening dat die eksamenregulasies streng genoeg is. Enige oneerlikheid kom by die toepassing van die regulasies.**

Prof Du Plessis dink ook dat 'n registrasiekaartmetode peutervry moet wees as dit toegepas sou word. Moontlik hoef die enigste kontrole die vakdosent teenwoordig vir die toesig te wees. Hy vind Piet Fanoy se metode interessant.

Mnr. J.A. Steenkamp, die adjunkregistrateur en ook belas met eksamen, voel ook dat daar 'n bewys van identifikasie moet wees. Die universiteit het al selfs persoonskaarte oorweeg omdat daar geen kontrole is nie.

Hy het ook bygevoeg dat die studente besef strenger regulasies is vir hul eie beswil, en beslis nie om polisieman te speel nie.

Mnr. Steenkamp is ook bewus van die probleem van die plasing van studente in 'n eksamenlokaal. Op hierdie stadium is die plasing ongekontroleerd en gaan sit studente wat dieselfde vak skryf, in 'n blok bymekaar. Dit gebeur dat persone wat dieselfde vraestel skryf voor, langs en agter mekaar sit. Probleme kan maklik ontstaan as 'n mens se oë per ongeluk dwaal.

Mnr. Steenkamp voel daar moet sitplekverdeling wees. Die eksamenafdeling is nou besig met die saak. 'n Poging om sitplekverdeling in die vorige eksamen in te voer het misluk weens 'n gebrek aan ruimte. Daar word gehoop om tussen elke vier banke 'n paadjie te maak, maar ruimte is 'n groot probleem.

Tot tyd en wyl die probleem opgelos word, kan daar gedink word om studente wat dieselfde vak skryf in elke tweede ry te laat sit. Hy kan dus rustig direk voor hom kyk sonder om sy vak se vraestel per ongeluk raak te sien.




**Bussie 13**
**Studenteraad**

**DIE lengte van briewe word beperk tot 'n maksimum van 400 woorde.**

# Geen mobiliteit in studentelewe

**Meneer**

Deur betrokkenheid by die studentelewe kon ek die afgelope jare die volgende probleempunte in die georganiseerde studentelewe identifiseer:

* 'n Absoluut oorgeorganiseerde en oorgestruktureerde studentelewe.
* 'n Studentelewe vol rompslomp, reëls en regulasies, kanale wat gevolg moet word. In die studentelewe is daar basies geen mobiliteit nie — indien daar 'n belangrike gebeurtenis in die buitewêreld plaasvind, kan 'n vereniging of raad omtrent eers drie weke daarna daarop reageer.
* Lae mobiliteit in leierskap: dit word veroorsaak deur die feit dat die SSR deur studente uit die Teologiese Fakulteit oorheers word. Dit het tot gevolg dat die studente later glo dat die studente in die Teologiese Fakultiet oor die jare ervaring, ondervinding en bekwaamheid beskik om genomineer te word vir SSR — nie dat dié nie so is nie; maar hulle is nie die enigstes nie.
* Wat die stimulering van denke in die algemeen betref is dit op die Puk gelyk aan nul. Blootstelling aan alle denkstrome en menings is noodsaaklik vir "die jeug; om 'n geleentheid te kry om sy denke te slyp, om 'n intellektuele weerbaarheid te bou en om kundig aan te neem en te verwerp", (Dr. W. de Klerk aangehaal).

Wat sou dan die oplossing vir bogenoemde kan wees? En dan wil ek graag die volgende voorstel:

* Herstrukturering van die hele georganiseerde studentelewe. Dit sou na my mening die volgende behels:
* Eerstens om die bestaansreg en funksionering van alle verenigings objektief te ondersoek en diegene wat nie aan die standaard voldoen nie, uit te skakel.
* Die res van die verenigings moet gestruktureer word onder die verskillende Fakulteitskomitees. Die verenigings wat nêrens inpas nie, kan onder 'n verenigingskomitee ingeskakel word.
* Die SSR sal dan uit die Fakulteitskomitees verkies word.

Die voordele van so 'n stelsel is:

* Die studentelewe van die student gaan dan 'n verlenging van sy akademie wees: dit wat hy nie in die klas of handboek kry nie, sal hy nou kry deur bywoning van sy fakulteitsaksies. Die teorie in sy handboek word dan op 'n meer praktiese wyse aangebied.
* Die dosente sal meer positief ingestel wees teenoor die georganiseerde studentelewe.
* Die finansiële voordeel: met minder verenigings kan meer geld uit die SSR-begroting vir elke vereniging toegedeel word. Ook kan die geld dan meer sinvol bestee word.
* Die student behoort meer betrokke te wees.

Wat ook al die stelsel: ek dink ons het nou op 'n stadium gekom waar ons ons studentelewe moet vernuwe. Die semesterstelsel wat weer die akademie nommer een gemaak het, noodsaak 'n meer akademies-georiënteerde studentelewe.

IK HEBT GEZEGD!

# Wéét wie staan en stem reg

**Meneer**

Ons kies ware leiers! Nie waar nie? Leiers wat ons — die Pukke — se belange op die hart dra!

Waarom gooi die Puk-massa dan nie sy gewig in deur vir leiers van die Puk te stem nie?

Met die oog op die belangrikste verkiesing op die kampus — die SSR-Verkiesing — het die studente *nou* die geleentheid om bevoegde leier te kies.

Daar rus juis nou 'n groter verantwoordelikheid as ooit te vore op elke Puk se skouer om vir die regte persoon te stem en daarom is dit uiters noodsaaklik om te wéét wie hierdie persone is. X-82 het dié leiers geïdentifiseer, deur bekwame persone wat reeds vir ons gewys het hoe hulle die Puk kan dien, op die weegskaal te plaas. Dit is persone met integriteit, werksywer, taktvolheid en wat deur mede-Pukke gerespekteer word.

Pukke, ons verdien leiers met pligsbesef en verantwoordelikheid wat te alle tye die Puk se belange na binne, sowel as buite op die hart dra.

**X82**

# *Studente pleeg vandalisme*

**Meneer**

Dit word algemeen aanvaar dat die studentegemeenskap uit beskaafde en intelligente mense bestaan. Wanneer dit dan gebeur dat daar deur sogenaamde beskaafde en intelligente studente vandalisme gepleeg word, wonder 'n mens darem... Ek verwys na die voorval in die Mothsaal 'n paar weke gelede. Sover ek weet, het geen haan nog daarna gekraai nie— nee, ek maak 'n fout. Die haantjies wat die werkie verrig het, kraai van die lag daaroor. Die feit dat daar mense is wat oor so iets lag, of dit maar aanvaar sê nogal baie oor die integriteit van sommige studente. Indien hierdie "helde" hulle optrede kan verantwoord, sal ek nie omgee om te hoor wat hulle oor die sakie te sê het nie.

**Vera**

● *Vera verwys vermoedelik na 'n voorval wat op 30 Julie laat die aand tydens 'n sokkie in die Mothsaal plaasgevind het: Studente het glo 'n waterpyp beskadig, waarna die eienaars van die saal die huur opgeskuif het -Red.*

# Fotograwe se geflitsery steur by PU-Kaners

**Meneer**

P.U.-Kaners, Ouditorium, Vrydagaand 14 Augustus. Waarom 'n smaakvolle, goed afgewerkte ritmegroep só 'n beplande flater kan maak om twee fotograwe tydens hulle vertoning toe te laat, laat my sprakeloos.

Ek sit in ry B24 en neem my voor om te sien en te hoor en te geniet. Regs begin 'n onophoudelike geflits. Skielik links ook, dan word daar voor ons verbybeweeg en om die kroon te span, waag die een aggressor dit tot bo-op die verhoog!

Ek voel net dat ure se werk aan repetisie nie met so iets bederf moet word nie. Fotosessies kan maklik gereël word. As dit so stremmend en steurend vir die toeskouers is, hoe op aarde kan 'n mens jou beste lewer op die verhoog?

**Matt Matthee**

STUDENTEBURO

# *Finansiële hulp*

**DIE finansies van die SSR, met al sy onderliggame was in die verlede 'n groot turksvy vir die Universiteit. Groot verliese het voorgekom weens 'n gebrek aan begrotingskontrole, 'n lompe administratiewe stelsel en 'n gebrek aan kontinuiteit wat betref die penningmeester.**

Bogenoemde probleme is oorkom met die diens van die Studenteadviseur (finansies), mnr Hennie Botha, wat ook lid van die Studenteburo is. Mnr Botha het reeds gedurende 1980 die hele boekhoustelsel gemoderniseer asook begrotingskontrole toegepas. Vandaar die feit dat die SSR verlede jaar feitlik kon gelyk breek afgesien van die verliese wat Thalia en die PU-Koor gelei het.

Halfpad deur vanjaar se begroting, is die SSR daarop gewys dat hul finansies op 'n ramp afstuur weens 'n groot uitgawe ten opsigte van 1980 se Besembos, asook sekere inkomsteberamings wat nie gerealiseer is nie. Nadat 'n herbegroting plaasgevind het en ander drastiese stappe gedoen is, vaar die SSR se finansiële bootjie nou op kalme waters.

Die toerliggame, Alabama, PU-Kaners, Thalia en die PU-Koor het in die verlede 'n geweldige finansiële las op die SSR se skouers geplaas. Vanaf die begin van 1980 is Alabama se rekening oorgeplaas na die Finansiële Administrasie met kontrole daaroor deur die Studenteadviseur (Finansies). Vanaf die begin 1981 is die ander toergroepe se rekenings ook oorgeplaas. Op hierdie wyse is elke toergroep self aangewys en word die SSR gevrywaar van enige verlies wat gelei word. Winste en verliese moet dus deur die groepe self verwerk word.

Met behoorlike kontrole en advies deur die Studenteadviseur (Finansies) blyk dit op hierdie stadium of al die groepe vanjaar 'n reusesukses op finansiële gebied gaan behaal.

Mnr Botha is daagliks beskikbaar in die kantore van die Studenteadviseurs in die Studentesentrum en verleen graag advies aan studenteliggame wat finansiële hulp of leiding nodig het.

# Sitplekgordels móét gedra word




**Suster Landa Oelofse —**

IS dit beter om tydens 'n motorbotsing uitgeslinger te word as om in die wrak vasgepen te wees? Nee. Statistiek toon dat 'n persoon se kanse op oorlewing vyf keer groter is wanneer hy in die voertuig bly.

Sal die sitplekgordel mens nie strem wanneer die voertuig aan die brand slaan of in water beland nie? Met 'n sitplekgordel aan word mens steeds op die sitplek vasgehou en het jy 'n veel groter kans om jou bewussyn te behou. Gevolglik kan die losmaak van die gordel geen probleme skep nie.

Kan 'n sitplekgordel self beserings veroorsaak? 'n Korrek-verstelde gordel sal normaalweg geen ernstige beserings veroorsaak nie. Wanneer 'n sitplekgordel nie gedra word nie, is die kanse om in 'n botsing beseer te word ses keer groter as andersins.

Waarom moet sitplekgordels selfs op kort reise teen lae snelheid gedra word? Sitplekgordels is altyd voordelig, aangesien ongestremde persone noodlottig beseer kan word teen enige snelheid, selfs teen 'n snelheid van so laag as 20km/h.

**Bult Droogskoonmakers**
(Uitsig Arkade verby Volkskas)
Toon afslagkaart en ontvang afslag

guys & dolls
vat dit kop toe!
Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!
Die uwe,
GUYS & DOLLS Tomstr. 82, tel. 8071.





ALEF JUWELIERS
Fabriekspryse op diamante en handgemaakte juweliersware
● Ontwerp u eie verloof- en trouring
● Waardasiesertifikaat met elke diamant
● 15 jaar ondervinding as diamantslyper
Al my diamante is noukeurig uitgesoek en dus 'n belegging. Doen uself 'n guns en kom vergelyk pryse.
Kerkstraat 195 (Langs Russell's; Eerste Vloer).
Tel: 3322 of 23650 — 24 uur diens.

# Chariots of Fire moes propagandafilm wees

— Rudolph Willemse —

**GERUGTE wil dit hê dat Chariots of Fire die "huwelik van die eeu" moes vergesel om sodoende 'n Britse propagandafilm te wees. En vir Brittanje om vandag 'n propagandafilm daar te stel, kan die gegewe alleen maar uit die verlede gehaal word — die Olimpiese Spele van 1924.**

David Puttnam wou klaarblyklik eerder die klem lê op die tydperk in die geskiedenis van die Olimpiese Spele toe sportmanne eerder vir hulself as vir state meegeding het, en 'n oorwinning op sportgebied terselfdertyd 'n oorwinning vir eie beginsels ingehou het. Daarom kan nie sonder meer gesê word die film is pro-christelik nie, vir sover die Jood, Abrahams, se sukses Eric Liddell se oorwining relativeer. Elkeen hardloop eie terme: Abrahams hardloop teen die vooroordeel van die Engelse Protestantse "establishment" om die laaste Engelsman en eerste Jood te word om die honderd meter te wen; Eric Liddell hardloop met die Bybel in die hand. Goeie ontknoping van spanning vind mens dan ook in die uiteindelike nie-afspeel van die twee hooffigure. Teenoor die grootsheid van die tema vind mens die komiese afleiding van eietydse kleredrag: groot helde met groot broeke!

Omdat Vangelis se musiek fantasties is, oorheers dit soms. Die komponis, Vangelis, was ook verantwoordelik vir die temamusiek van die televisieprogram Cosmos. Mens kan alleen maar hoop dat die meriete van sy musiek erkenning sal geniet, maar dat 'n Richard Clayderman-vereniging hom gespaar sal bly.

Die fotografie is op plekke besonders, dog te veel stadige skote laat die film na die melodramatiese neig. Ook die destydse milieu word heel realisties geskets.

Met relatief onbekende akteurs het die regisseur Hugh Hudson veel bereik. Ben Cross speel Harold Abrahams en Ian Charleson speel Eric Liddell. Met dié spel kan nie veel fout gevind word nie. Nigel Havers as Andrew Lord Lindsey word gou die teatergangers se gunsteling, terwyl Brad Davis van "Midnight Express"-faam, Cheryl Campbell van "McVicar"-faam en Alice Krige vanuit Suid-Afrikaanse bodem die ander bekende gesigte is.

Behalwe dat die film op plekke te "mooi" wou word, kan mens opsommend sê Chariots of Fire is 'n film met veel meriete en dat daar baie min is wat pla.



● *Nelis van Rensburg: voorsitter van die Kuestareëlingskomitee.*

## Kuesta '81

**Kuesta, die jaarlikse kunsfees van die Afrikaanse Studentebond word vanjaar op Stellenbosch aangebied. Die fees vind van 24 tot 26 September plaas en word gereël deur die Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch.**

Die universiteitskore van Pretoria, RAU, Potchefstroom, Bloemfontein en die kore van Pretoria en Oudtshoorn se onderwyskolleges het reeds bevestig dat hulle die koorfees gaan bywoon. Die Stellenbosse Universiteitskoor gaan as gaskoor optree. Die kore gaan twee aande uitvoerings lewer in die Konservatorium op Stellenbosch. 'n Massakoor onder leiding van mnr Johan de Villiers, dirigent van die Stellenbosse Universiteitskoor, sal ook tydens die geleenthede uitvoerings lewer.

Die res van Kuesta '81 bestaan uit die gebruiklike kompetisie in die volgende vier afdelings: Musiek, Drama, Letterkunde en Kuns. Elk van hierdie afdelings het 'n verskeidenheid van onderafdelings waarin meegeding kan word.

Die program van Kuesta '81 sluit verder besprekings in deur die onderskeie beoordelaars van die verskillende afdelings oor die werk wat gelewer is. Uitstallings van die verskillende kunswerke sal gehou word vir die duur van Kuesta.

Die belangstelling in die bekende Kuesta is baie groot en dit beloof om weereens van die grootste studentegeleenthede van die jaar te wees. Die Permanente Bouvereniging tree weer as borg op vir die projek. Dit lyk of daar vanjaar 'n rekordgetal inskrywings kan wees.

Die program van Kueste '81 word afgesluit met 'n kaas-en-wynonthaal in die Langenhoven-studentesentrum op die Matiekampus. Die prysgeld van R200 per afdeling vir die onderskeie wenners sal by dié geleentheid oorhandig word.

Kuesta bied aan elke student wat een of ander vorm van kuns beoefen die geleentheid om op uiters hoë en professionele vlak met ander studente van oor die hele land mee te ding.

Daar word gebruik gemaak van beoordelaars wat die onderskeie vorme van die kuns baie goed ken en 'n objektiewe oordeel sal kan fel oor die gehalte van die werk. Die verskillende universiteite kry ook hier uitstekende geleentheid om met mekaar kontak te maak.


**Jou werk by Evkom is 'n praktiese voortsetting van jou studies in die bedryf—met dié verskil dat jy betaal word.**

Evkom glo dat die praktiese werksituasie in enige beroepsrigting 'n voortsetting van jou opleiding moet wees. Die rede is voor die hand liggend: tegnologieë, praktyke en wetenskappe is vloeiend, daar is elke dag ontwikkeling en nuwe vordering, en die beroepsman se milieu moet hom die geleentheid bied om nie net sy kwalifikasies en ondervinding toe te pas nie maar ook by te hou met nuwe vooruitgang op sy vakgebied.

Daarom wil ons nie bloot hê dat jy jou kwalifikasies moet koppel met 'n rigting nie; die twee moet verweef wees in die uitbouing van 'n loopbaan.

Om dieselfde rede stel ons ook beurse beskikbaar, want formele opleiding is deel van die opleidingstaak om die bedryf in die breë op 'n gesonder professionele vlak te hou.

*Ingenieurs*

Evkom se bedryfsbetrokkenheid is wyd versprei en ons behoeftes dek feitlik alle rigtings binne die veld van die ingenieurswese. Manne met 'n B.Sc.-graad in elektriese, meganiese of siviele ingenieurswese is op deurlopende grondslag ons grootste behoefte, maar chemiese en metallurgiese ingenieurs is uiteraard ook baie welkom by Evkom.

*Rekenaarpersoneel*

Ons rekenaars en rekenaarpersoneel vorm die sentrale senustelsel van ons kragreus wat die hartslag van ons energiemasjien beheer. Elke proses — tegnies en administratief — leun swaar op ons rekenaarfasiliteit. Jou blootstelling is onbeperk sodat jy 'n ervaringsveld kan opbou wat feitlik ongeëwenaar in die bedryf is.

Ons stel ook belang in gekwalifiseerde persone uit ander dissiplines vir opleiding in die rekenaarveld.

*Wetenskaplikes (Fisici/Chemici)*

Evkom se wetenskaplikes is betrokke by die toepassing van die gevorderdste wetenskaplike ontwikkelings in die bedryf. Van die nuwe horisonne van kernkrag tot by kragstasies waar fossielbrandstowwe ingespan word, werk die wetenskaplike saam in 'n multidissiplinêre span. Die milieu is professioneel, die uitdagings opwindend en geleenthede word bepaal deur persoonlike prestasie. Evkom verstaan wetenskaplikes en is ingerig om hulle die beste te bied.

*Personeelwetenskappe*

Die personeelfunksie by Evkom is uiteraard verweef met die bedrywighede van elke departement in dié groot organisasie. Mense is die middelpunt waarom alle aktiwiteite by Evkom draai en in die opsig sal jy as gegradueerde in die gedragswetenskappe saam met die personeelspan een van die allerbelangrikste funksies verrig. Jou betrokkenheid kan by een van die talle personeeldienste wees: Werwing, wat ook toetsing, keuring en plasing insluit; opleiding; arbeidsverhoudinge; mannekragbeplanning of personeeladministrasie.

*B.Com.-manne*

Vir B.Com.-gegradueerdes is daar geleenthede in ons Finansiële Departement se spesialisgroepe: Finansiële Beplanning en Beheer-, Rekenpligtige, Ekonomiese, Finansierings- en talle ander subafdelings.

Manne met 'n B.Com.-graad (Rekeningkunde/Bedryfsekonomie/Ekonomie) kan hier met die jongste tegnieke, praktyke en stelsels vertroud raak. Vir die B.Com.-student met 'n belangstelling in Ouditkunde is daar puik geleenthede in die funksies hierbo genoem.

*Beurse*

Opleiding op formele vlak deur middel van ons beursskemas is 'n gevestigde praktyk by Evkom. Benewens ons voorgraadse beurse vir studie aan 'n plaaslike universiteit, bied ons ook beurse vir voorgraadse studie in die buiteland.

Evkom beurse is nie net beperk tot eerstejaars nie — as jy reeds 'n jaar of twee suksesvol afgelê het, is jy ook welkom om aansoek te doen. Ons verwelkom veral beursaansoeke vir 'n loopbaan in Ingenieurswese, Argitektuur, Personeelwese, Rekenaarwese en die Handelswetenskappe.

Die uitdagings by Evkom is volop. Ons verwag baie van dié manne en vroue wat hierdie uitdagings die hoof moet bied, en in ruil bied Evkom hulle: ★ *'n Mededingende salaris plus 'n bonus gelykstaande aan een maand se salaris* ★ *Studiehulp en spesiale verlof* ★ *Huiseienaarskema teen 'n lae rentekoers, plus al die gebruiklike grootmaatskappyvoordele*

**Beplan vandag vorentoe aan jou loopbaan, skryf aan die Personeelbestuurder, Evkom, Posbus 1091, om nadere inligting oor loopbane en beurse.**

Die bron van krag

EVKOM

# Almal nog nie tevrede met studentesentrum

**'n Etekaartjiestelsel wat toegang tot etes in die eetsale en die kafeteria van die Studentesentrum bied en waarmee ongeneemde etes aan die einde van die jaar in geld verhaal kan word, word deur 91 persent studente verwelkom.**

Dit blyk uit die behoeftebepalingsvraelys van die SSR. Die Studentesentrum bevredig volgens 52 persent nog nie ten volle die student se behoeftes nie. Die kos in die kafeteria is volgens 59 persent van goeie gehalte, terwyl 41 persent meen dit is gemiddeld. Die kafeteria se diens is volgens 42 persent goed, terwyl 48 persent meen dit is gemiddeld.

**Biertuin**

Die meeste studente meen dat die biertuin net met Karnaval, Intervarsity en oor naweke oop moet wees. 'n Sondagmiddagete met wyn in die kafeteria sal deur 78 persent verwelkom word. Diens by die Inligtingshokkie is volgens 68 persent goed, en 58 persent studente het nog nooit die sauna gebruik nie.

Die daktuin word volgens 87 persent studente nie ten volle benut nie, maar 44 persent meen die behoefte is nie groot genoeg om elke aand 'n daktuinkonsert aan te bied nie. Slegs agt persent is ten gunste van elektroniese speelmasjiene in die Studentesentrum.

Die Studentesentrum is volgens 53 persent nog nie heeltemal die hart van die studentelewe nie. Die houtsitplekke in die amfiteater en die stoele in die kafeteria is vir die meeste aanvaarbaar. Die fonteintjie in die Studentesentrum dien vir 62 persent as versiering.

**Plante**

Posbusse en seëlmasjiene sal volgens 93 persent verwelkom word. Sowat 69 persent meen daar moet werksgeleenthede vir studente in die kafeteria geskep word en 39 persent is beskikbaar vir so 'n werk. Daar is volgens 68 persent te min plante in die Studentesentrum en 53 persent meen die gehalte van die luidsprekers in die Studentesentrum is swak.



● *"As ons albei ewe hard kou, sal ons mekaar nie pla nie". Karlien en Liberalia se kermis op Woensdag 5 Augustus het gesorg vir iets warms in menige student se maag.*

# Vraelys belig koshuislewe

**VOLGENS die SSR-behoeftebepalingsvraelys meen 44 persent van die studente parkeerruimte is onvoldoende, terwyl vyftig persent meen dat dit voldoende is. Sowat tagtig persent wil nie koshuise vakansietye ontruim nie en meer as vyftig persent meen daar is nie genoeg brandblussers in koshuise nie.**

**Daar heers volgens 77 persent beide 'n studie- en "social"-atmosfeer in koshuise. Volgens 59 persent is koshuise nie goed genoeg versier nie en 28 persent meen dat koshuiskasgelde wanbestee word. In 37 persent van die studente se koshuise funksioneer tugkomitees nog, terwyl dit by 34 persent selde funksioneer.**

**Telefone:**

Eerstejaars se telefoondiens is volgens 49 persent swak en 51 persent meen studietye word nie nagekom nie. Daar is volgens 67 persent nie genoeg telefoonhokkies in koshuise nie en volgens 36 persent nie genoeg op die kampus nie.

**Interkomstelsels**

Sowat 61 persent van die studente meen daar is soms in die winter nie warm water in koshuise nie. Volgens 84 persent is interkomstelsels in koshuise nuttig en in 60 persent se koshuise werk dit goed.

**Wasstelsel**

Die nuwe wasstelsel is volgens 23 persent te duur, vyftien persent meen die ou stelsel was beter, tien persent is ontevrede oor masjiene wat nie werk nie en 49 persent is tevrede met die nuwe wasstelsel.

**Eetsale**

Volgens 49 persent van die studente word diens in eetsale onvriendelik gelewer, terwyl 48 persent meen dienslewering is vriendelik. Die kos is volgens 27 persent goed, 42 persent meen dit is soms goed en elf persent meen dit is swak. Volgens 69 persent is die kafeteriastelsel beter, maar die meeste moet nog in lang rye staan. Die meerderheid is nie tevrede met porsies wat ingeskep word nie. Die huidige eetkaartjiestelsel bekamp wel sluipeters, meen baie studente.

# ISVP word lid van SAFUIS

**DIE ISVP (Ingenieurs-studente-vereniging van Potchefstroom) het tydens die afgelope kongres van die Suid-Afrikaanse Federasie van Universiteitsingenieurstudente (SAFUIS) volle lidmaatskap van die federasie verkry. Die kongres is gehou vanaf 6 tot 9 Julie in Pretoria, en die ISVP is daar verteenwoordig deur Johan Jankowitz en Ben Coetzee.**

Die ISVP is verheug om binne agtien maande na sy stigting deur SAFUIS erken te word as 'n volwaardige en verteenwoordigende ingenieursvereniging.

Lidmaatskap van SAFUIS bied geweldige moontlikhede aan die ISVP en die ingenieurstudent soos direkte skakeling met professionele ingenieursliggame, oorsese vakansiewerk en die realisering van winterskole vir voornemende ingenieurstudente, wat die uitbreiding van die nuuttoegekende fakulteit tot gevolg sal hê. Goeie betrekkinge met ingenieurstudente van ander kampusse is ook aangeknoop.

# Studente slaag semester goed

**DIE slaagsyfer van studente na die eerste semester is baie hoog. Dit blyk egter dat studente gehelp moes word, anders het hulle die pyp nie gerook nie. Dit blyk ook dat die semesterstelsel die studentelewe nadelig beïnvloed.**

Volgens mnr J A Steenkamp, adjunk-registrateur en persoon belas met eksamens, was die slaagsyfer tussen 85 persent en 88 persent.

Mnr Steenkamp het gesê die eerste jaar is 'n aanpassing. Daarom is die eerstejaars tegemoetgekom. Hulle kon met 'n semesterpunt van 35 persent gaan skryf het waar die ander met 40 persent moes skryf. As 'n eerstejaar 50 persent in die eksamen behaal het, is die semesterpunt geïgnoreer.

**Probleme**

Prof Faan duPlessis, die Vise-rektor, het gesê die Universiteit kan tevrede voel met die resultate. Die eerstejaars het nie te sleg gevaar nie, maar sommige seniors het probleme ondervind.

Volgens prof Du Plessis het die intensiteit van onderrig skerp toegeneem. Die dosente moes veral aanpas in die onderrigmetode en eksaminering van studente.

Mnr Steenkamp het weer gesê die semesterstelsel verg meer dissipline en harde werk. Die dosente moes vinniger werk, want drie weke is verloor in die eerste semester.

**Studentelewe**

Beide prof Du Plessis en mnr Steenkamp is van mening dat die georganiseerde studentelewe nadelig beïnvloed is.

Mnr Steenkamp het egter gesê dis te gou om te sê of die studentelewe sal doodgaan. Dit is egter 'n feit dat semesterstelsels akademies meer van 'n student verg.

Prof Du Plessis het die mening gehuldig dat, ofskoon die georganiseerde studentelewe aan bande gelê is, die studente voortgegaan het asof dit nog die ou stelsel is. Hy reken die studente moet ook aanpas.

Volgens hom is die toetssiklus van ses weke verkort ter wille van die georganiseerde studentelewe. Daar was ook sekere naweke wat heeltemal oop was. Alles is in werking gestel vir die beste, sê prof Du Plessis.

# SSR se Kombi in botsing

**VIER redaksielede van Die Wapad het verlede Dinsdagaand ongedeerd ontsnap uit die wrak van die Kombi-voertuig waarin hulle onderweg was, nadat 'n ander motor daarteen gebots en die Kombi vier keer gerol het.**

Die voorval het plaasgevind terwyl Izak Minnaar (redakteur), Hansie Vermeulen (nuusredakteur), Petro Malan (algemene nuusredakteur) en Maurits van Wyk (hoofsubredakteur) op pad terug Potchefstroom toe was nadat hulle Die Wapad by die drukkers gaan proeflees het.

Die ongeluk het gebeur deurdat die Kombi nie by 'n rooi verkeerslig gestop het nie en 'n motor die Kombi van die regterkant getref het.

Die Kombi het omgeslaan en volgens 'n ooggetuie vier keer gerol.

Volgens Hansie wat die Kombi bestuur het, het hy nie die verkeerslig gesien nie weens padverleggings en die feit dat die kruising kort na 'n draai is.

Die Kombi, wat aan die SSR behoort, is onherstelbaar beskadig.

Die bestuurder van die ander motor was nie in besit van besuurderslisensie nie. Die skade aan die motor is meer as R2 000.

# Bib hou muntmasjiene

**DIE biblioteek gaan nie van die muntbusstelsel van die fotokopieërmasjiene afstand doen nie.**

Op 'n vraag aan die waarnemende universiteitsbibliotekaris, prof H C van Rooy, of die biblioteek nie gaan oorslaan na die tellerstelsel nie, het prof Van Rooy geantwoord dat personeelprobleme dit onmoontlik maak.

Volgens prof Van Rooy word daar op die oomblik onderhandel om 'n ander soort masjien te installeer.

'n Paar miljoen afdrukke word jaarliks deur die studente op die huidige masjiene gemaak. Die grootste bedrag wat nog op een dag uit die muntbusse gehaal is, is R370.


Die onderhoudskoste van die masjiene is meer as 90 persent van die bedrag wat uiteindelik uit die masjiene verkry word. Hoe hoër die gebruik, hoe laer is die bedrag wat die biblioteek aan die maatskappy van wie die masjiene gehuur word moet betaal.

# Student kry brandwonde

Hannetjie Fourie, 'n tweedejaar-aptekerstudent, het op Dinsdag 11 Augustus tydens 'n praktiese klas in chemie brandwonde aan haar gesig opgedoen.

'n Eksperiment het oorgekook en van die oplossing het teen die linkerkant van haar gesig vasgespuit. Die vinnige optrede van 'n medestudent, Piet Fourie, wat die vlamme met sy chemiejas gesmoor het, het voorkom dat sy ernstiger beserings opdoen.

Hannetjie moes vier dae in die Kallie de Haashospitaal deurbring. Sover vasgestel kan word sal sy nie ernstige letsels oorhou nie.




Barclays-Nasionale Bank Beperk • Geregistreerde Handelsbank

HOE KAN U BANK-BESTUURDER U AAN DIE GANG KRY?

By Barclays glo ons dat ons beter bankiers moet wees om u sake te kan hanteer. Daarom lei ons Barclays-personeel op en motiveer hulle om vinnig en doeltreffend in u finansiële behoeftes te voorsien. By Barclays sal ons dus die wêreld versit om u aan die gang te kry.


BARCLAYS

Ons kry jou aan die Gang






● James Stoffberg, Puk-afrigter.



● André Markgraaf, Pukkaptein.



● Dawie Dup, die wenners van die koshuisrugbyliga wat Caput 14-5 gewen het. In die voorste ry is van links Danie Smit, Dawid Louw, Jan Pieters (kaptein) Meyer Bester, Chris Henning en André Cilliers. Middel : William Slater, Ben Kok, Danie Linde, Johan Tiedt, Fanus le Grange en Fanie Bosch. Agter is Johan Woest, Gerhard Schwazer, Japie van Rensburg, Walta Viljoen, Ludwig Schuld, Johannes Viljoen en mnr Chris Landsberg (die afrigter).

# Amptelike blad vir Intervarsity reëlings

**DIE reëlings vir vanjaar se Intervarsity word in 'n amptelike Intervarsityblad uitgesit.**

Studente word gevra om Olënpark van die suide of van die noordekant binne te kom. Kovsies sit aan die noordelike kant van die hoofpawiljoen en die Pukke aan die suidelike kant. Toegang vir studente en volwassenes is R2, kinders 50c. Die amptelike Intervarsity-blad sal op die kampus, sportgronde en op Olënpark beskikbaar wees vanaf Vrydagmiddag. Daar is geen busvervoer na die veld nie.

Kovsies se sportspanne word gevra om by die volgende koshuise aan te meld: Caput huisves Vishuis 1, Heldersig 1 en Malherbe 1. Hombré huisves Olienhout en Karee 1 en 11. Over de Voor huisves Hertzog 1 en 11. Heimat huisves Verwoerd 1 en 11. Uitspan huisves Medies en De Wet 1. Dawie Dup huisves Reitz 1 en 11. Klooster huisves Veritas 1 en Kiepersol 1.

Die Hokkiespanne moet by die volgende koshuise aanmeld: Wanda huisves Roosmaryn en Vergeet-my-nie Hobhouse. Karlien huisves Wag-'n-Bietjie. Wag-'n-Bietjie die (Pukkoshuis) huisves Idahlia. Heide huisves Van der Merwe. Klawerhof huisves Vergeet-my-nie en Akasia. Kasteel huisves Soetdorings en Oosterhof huisves Welwitchia en Kestell.

# Dawie Dup wen Caput

**DAWIE Dup het verlede Saterdag Caput oortuigend geklop in die Sharp-Koshuisliga-eindstryd met 'n telling van 14-5.**

Dawie Dup het vanjaar nog net een wedstryd verloor en dit was tydens hulle vorige kragmeting teen Caput.

Hoewel Caput die oorhand oor Dawie Dup in die skrums en lynstane gehad het, het hulle nie gebruik gemaak van hul kanse nie. Caput het ook meer gebiedsvoordeel gehad, maar weens swak balhantering kon hulle nie deur Dawie Dup se stewige verdediging breek nie.

Caput teken slegs een punt aan in die eerste helfte, toe die losskakel, Hennie Schoeman, met een strafskop slaag. Caput se aanvallende spel is beloon toe die agsteman, Bertus Dreyer, in die hoek oorgegaan het om Caput se enigste drie van die wedstryd aan te teken.

Vir Dawie Dup druk Danie Linde die eerste drie van die wedstryd. Johan Tiedt slaag met drie strafskoppe en vervyf altwee die doele. Jan Pieterse, agsteman en kaptein van Dawie Dup slaag ook met 'n drie in die tweede helfte.

# Kortsport

## ● Ibbies

DIE Ibbies het verlede Saterdag die Pampoenboere op hul eie veld 'n drag slae gegee en met 52-0 gewen. Die Ibbies het tien drieë aangeteken.

Die drieë is gedruk deur Barend Terblanche (4), Ben van Jaarsveld (2), Peet van der Walt, Carl Anshutz, Johan van Vuuren en Casper Troskie. Jan Steenkamp het vier doelskoppe oorgesit en Ben van Jaarsveld twee.

## ● Puk 1 teen Welsh Academicals

Die Walliese toerspan het Saterdag in 'n mooi wedstryd die Pukspan met 16-13 gewen, nadat hulle met rustyd 10-9 voor was. Vir die Welsh Academicals het Squire 'n drie gedruk en Mark Wyatt het met twee strafskoppe geslaag.

Die Pukke se punte is aangeteken deur André Markgraaff en Gert Smal wat elkeen 'n drie gedruk het en Louwtjie van der Walt wat met 'n doel- en 'n strafskop geslaag het.

## ● Trapkar

Die laaste koshuisligawedren is weer eens deur Caput gewen. Hombré was tweede, Over-de-voor derde en Liberalia was vierde. In die damesafdeling was Wag-'n-Bietjie die wenspan, Vergeet-my-nie was tweede, Dinki derde met Kasteel in die vierde plek.

Caput wen ook die oorkoepelende liga, met Hombré in die tweede plek. Die damesafdeling is gewen deur Vergeet-my-nie en Wag-'n-Bietjie was tweede.

Die eerste vier manspanne trap met intervarsity teen Kovsies.

## ● Skerm

Die Puk se skermkampioenskappe is onlangs afgehandel. In die Florette-afdeling vir dames het Reinette Verster gewen met Nicolene Hanekom in die tweede plek. Derde was Carina de Klerk en Renthea Niemand vierde.

Carina de Klerk het die Degen-afdeling gewen en Renthea Niemand was tweede, met Nicolene Hanekom in die derde plek en Reinett Verster in die vierde plek.

Die manskompetisie was nog in aanvang, maar Wynand van Rooyen het die Degen-afdeling gewen, Willem du Rand was tweede en Francois du Toit derde.

# Intervarsity Program

**Vrydag (21 Augustus 1981)**
Middagete — vanaf 12h00
Aandete — vanaf 18h00
Slegs vir KOVSIE deelnemers. Eet asseblief by die koshuise waar julle ingedeel is. Toon etekaartjies!!

Buitemuurse Sportsoorte

| | | |
|---|---|---|
| 13h00 | Gholf | — Potchefstroom Buiteklub |
| 14h00 | Tennis | — Fanie du Toit Sportterrein |
| 14h00 | Trapkar | — Trapkarbaan — Fanie du Toit Sportterrein |
| 14h00 | Jukskei | — Ou Puk velde (op pad na dam) |

Binnenshuise Sportsoorte

| | | |
|---|---|---|
| 19h00 | Judo | — Amfiteater |
| 19h00 | Muurbal | — Muurbalbane — Studentesentrum |
| 19h00 | Gimnastiek | — Grootsaal — Studentesentrum |
| 19h00 | Skaak | — Studentesentrum |
| 19h00 | Tafeltennis | — Tafeltennissaal — Studentesentrum |
| 19h00 | Skerm | — Skermsaal — Studentesentrum |
| 20h00 | Karaté | — Amfiteater |

**Saterdag (22 Augustus 1981)**
Ontbyt — vanaf 07h00
Middagete — vanaf 11h30
Slegs vir Kovsie deelnemers — Eet asseblief by die koshuise waar julle ingedeel is. Toon etekaartjies!!

| | | |
|---|---|---|
| 08h00 | Pistoolskiet | — Puk Skietbaan |
| 08h30 | Tennis | — Vervolg — Fanie du Toit |
| 08h30 | Muurbal | — Vervolg — Muurbalbane — Studentesentrum |
| 09h30 | Pluimbal | — Grootsaal — Studentesentrum |
| 09h00 | Scuba | — Potchefstroom dam |
| 09h00 | Kanovaart | — Boskopdam Mans — 10km Dames — 6km |
| 09h30 | Sokker II | — Potch Unitedvelde |
| 10h00 | Landloop | — Dames — Fanie du Toit-Sportterrein |
| 10h30 | Landloop | — Mans Fanie du Toit-Sportterrein |
| 10h30 | Sokker I | — Potch Unitedvelde |

**Hokkie**

Velde

| Tyd | A | B | C | D |
|---|---|---|---|---|
| 08h30 | PU II Mans v UV II Mans | PU III v UV III | Heide I v vd Merwe I | Oosterhof I v Welwitchia I |
| 09h25 | PU I Mans v UV I Mans | PU II v UV II | Vergeet-my-nie I v Hobhuis I | Klawerhof I v Vergeet-my-nie I |
| 10h25 | PU I v UV I | Dinki I v Akasia I | Wanda I v Roosmaryn I | Karlien I v Wag-'n-Bietjie I |
| 11h35 | PU IV v UV IV | Wag-'n-Bietjie I v Adahlia I | Kasteel I v Soetdorings I | Wanda/Oosterhof II v Kestell I |

**Rugby**

| Tyd | A | B | C | D | E |
|---|---|---|---|---|---|
| 08h30 | Dawie Dup II v Reitz II | Caput II v Heldersië I | Villagers II v De Wet I | Amajuba II v Medies | Kloosters II v Kiepersol I |
| 09h35 | PU O/20 B v Karee I | O de Voor I v Hertzog I | O de Voor II v Verwoerd II | Hombré I v Olienhout I | Hombre II v Karee II |
| 10h40 | Dawie Dup I v Reitz I | Caput I v Vishuis I | Villagers I v Verwoerd I | Amajuba I v Malherbe I | Klooster I v Veritas I |

**Netbal**

| Tyd | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09h00 | PU O/20 B v UV O/20 B | Karlien I v Roosmaryn I | Heide I v Soetdor I | Kasteel I v vd Merwe II | Vergeet-M-N II v Vergeet-M-N II | Wanda II v Roosmaryn II |
| 09h45 | PU O/20 A v UV O/20 A | Klawerhof I v vd Merwe I | Dinki I v Sonnedou I | Wag-'n-Biet I v Kestell I | Karlien II v Idahlia I | Kasteel II v Steyn I |
| 10h30 | PU II v UV II | Vergeet-M-N I v Madelief I | Wanda I v Akasia I | Oosterhof I v Wag-'n-Biet I | Dinki II v Welwitchia I | |
| 11h10 | PU I v/s UVI | | | | | |

**Olënpark**

| | | |
|---|---|---|
| 12h45 | — | PU O/20 vs UOVS O/20 A |
| 14h05 | — | IBBIES vs IRAWAS |
| 15h40 | — | Trompoppies en Heildronk |
| 16h00 | — | PU I vs UOVS I |
| 18h00 | — | Onthaal (slegs op Uitnodiging) Koos Snyman en Piet Bosmansale Olënpark |
| 19h00 | — | Massavermaak en Ontspanning Kampus, Dam en Dorp |
| 23h00 | — | AU REVOIR! |